

17 Februarie

'n Les uit die geskiedenis

Skrifgedeelte: Psalm 78:1-39

Fokusgedeelte: Psalm 78:1-8

Israel se geskiedenis word hier met 'n besondere doel vertel: Om te waarsku teen die sondes van die verlede en om aan God se verlossingsdade te dink, sodat die volk die verbond met die Here sal hou. Dit gaan veral daaroor dat die geskiedenis só aan die volgende geslag vertel moet word dat hulle in geloof sal vashou aan die troue liefde van die Here en nie dieselfde foute sal maak as in die verlede nie.

Die geskiedenis van Israel is vanaf die uittog uit Egipte al 'n wonder. Ons sien in die geskiedenis die wonder van 'n volk wat telkens God se verlossingsdade vergeet, wat elke keer weer ongehoorsaam is en gestraf word, en tog keer op keer deur God se genade en sy lankmoedigheid gered en versorg word. So was dit gedurende die uittog uit Egipte, gedurende die woestynreis en ook tydens die verblyf in die beloofde land.

Net soos by Israel is daar soms by ons ook ontrou. Ons bly in gebreke om op God te vertrou. Dan kan ons nie staande bly teen die geestelike en materiële vyande op ons lewenspad nie. Is dit nie ook so dat ons geneig is om net as Hy ons in benoudheid bring, waarlik aan God te dink en na Hom terug te keer nie?

Daarom is dit goed dat ons altyd weer hierdie geskiedenis van Israel oordink en daaruit leer.

Sing: Psalm 116:1-3

Dr. F van der Walt (Emeritus)